NG Kerk King William's Town

POSBUS 103
KING WILLIAM'S TOWN
5600
H/V Lonsdale- en Maitlandweg
TEL. 043 64 21350

Kerkhereniging Verslag aan Sinode

Gemeente van King William's Town

Konsulltasie
Die proses wat gevolg is, is dat ouderlinge in wyke met lidmate gesprek gevoer het en hul mening ten opsigte van kerkhereniging ingewin het.

Die algemene konsensus van die gemeente is dat kerkhereniging in sy breedste vorm ondersteun word. Die gevoel is dat kerkhereniging nie die daaglikse werking van ons gemeente baie gaan raak nie aangesien ons reeds outonoom is en graag so wil bly.

Die oorweldigende meerderheid is nie ten gunste daarvan dat Belhar as 'n belydenisskrif opgeneem word nie, maar sien dit wel as 'n aanvaarbare versoeningsdokument.

Ander los standpunte

Versoening is noodsaaklik en dit gaan 'n uitdaging wees en hiervoor is daar nog baie voorbidding nodig.
Elke gemeente moet die reg behou om deur sy kerkraad sy eie besluite te kan neem.Hoe gaan dit vir die toekoms en na kerkhereniging verseker word?
Eiendomme moet in besit van die gemeente bly soos dit voor hereniging was.
Sekere persone het geen probleem met gesamentlike dienste nie. Kultuurverskille wat ook taalverskille meebring wek egter kommer. Gemeentelede wil nie weens taalverskille vreemdelinge in hulle eie kerk wees nie. Persone het ook nie 'n probleem as lidmate van ander kerke deel wil word van die gemeente nie, maar dan moet dit gaan oor Woordverkondiging en nie oor die verkryging van mag nie.

Daar bestaan tog 'n vrees dat die nuwe kerkvergadering die selfstandigheid van die gemeente kan bedreig.

Belhar gaan altyd 'n probleem wees.'n Kerk kan nie vewag dat sekere lidmate en dus ook predikante 'n belydenisskrif (Belhar) aanvaar of onderskryf nie terwyl ander toegelaat word om dit nie te doen nie. Dit is verdeeldheid saai en bring nie eenheid nie. As die NG-Kerk sy indentiteit verloor sal hy net soveel lidmate veloor. 'n Mens wil tuis voel waar jy aanbid. Watter waarborg het ons dat dit nie dalk so onherroeplik sal verander dat te veel in die proses verlore sal gaan nie?

Kry 'n nuwe kerknaam wat algemeen aanvaarbaar is en begin dan nuut met die nuwe naam.Hoekom kan ons nie teruggaan na die oorspronklike naam nie? Moenie eers herenig en dan 'n naam soek nie